AKADEMIA
AD FUTURUM PER FONTES

# *Intern:* STUDENTESAKE

PRETORIA

Akademia is 'n Christelike, klassieke en onafhanklike hoëronderwysinstelling wat verbind is tot die uitnemende opleiding en vorming van studente vanuit en vir Afrikaanse taal- en kultuurgemeenskappe. Akademia het 'n internskappos (twaalfmaandekontrak) in die Studentesake-afdeling beskikbaar. Die pos sal in Centurion, Pretoria, gesetel wees. Studente wat vir hul finale jaar ingeskryf is of reeds oor 'n B-graad beskik, word genooi om aansoek te doen.

## POSDOELSTELLING

Die intern: Studentesake bied noodsaaklike ondersteuning aan die afdeling ten opsigte van die bedrywighede ten bate van vormings- en studentelewe-aangeleenthede. Die intern: Studentesake werk nou saam met die studenteraad en die huiskomiteelede om ondersteunend betrokke te wees by Studentesake-inisiatiewe en -projekte wat van stapel gestuur is.

## VERANTWOORDELIKHEDE

- Bied ondersteuning met algemene administratiewe take.
- Bied ondersteuning met afdelingsprojekte wat bydrae tot 'n vormende en 'n gebalanseerde studentelewe-ervaring.
- Koördineer kommunikasie tussen Studentesake en studenteleierstrukture.
- Bied ondersteuning aan die afdeling met operasionele bestuur van sekere aksies en projekte soos leierontwikkelingskampe en -toere.
- Neem verantwoordelikheid met die beplanning en uitvoer van geïdentifiseerde projekte.

## POSVEREISTES

- baccalaureusgraad (NKR-vlak 7)
- kennis van Akademia en van die hoëronderwysomgewing in die algemeen
- kandidaat moet met Akademia se waardes en vormingsingesteldheid vereenselwig (belangrik)
- ervaring in 'n administratiewe rol asook blootstelling binne die uitvoering van studenteaktiwiteite of 'n goeie begrip van studenteaktiwiteite (voordelig)

## VAARDIGHEDE

- uitnemende skakel-, kommunikasie- en interpersoonlike vaardighede
- goeie probleemoplossings- en organiseringsvaardighede
- dryfkrag, motivering en inisiatief kan neem
- deursettingsvermoë, die vermoë om onder hoë druk te funksioneer
- koördineringsvaardighede asook implementerings- en uitvoeringsvermoëns
- konflikbestuurvaardighede, die vermoë om onafhanklik én in spanverband te kan werk
- geldige bestuurslisensie

**Klik hier om vir die pos aansoek te doen. Slegs Afrikaanse CV's sal aanvaar word. Aansoeke moet voor of op 18 Augustus 2026 ingedien word. Stuur 'n e-pos met jou Afrikaanse CV na vakanteposte@akademia.ac.za indien jy probleme met die skakel ervaar.**

Akademia behou die reg voor om nie 'n aanstelling te maak nie. Akademia is kragtens die Wet op Hoër Onderwys 75 van 1997 by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding geregistreer (registrasienommer: 2011/HE08/005). Akademia is deel van die Solidariteit Beweging.



**Akademia MSW** (Maatskappyregistrasienommer: **2005/024616/08**) is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer ingevolge die Wet op Hoër Onderwys 101 van 1997, Registrasienommer: 2011/HE08/005; Direkteure: M.J. Visser (besturende direkteur), dr. D.J. Hermann, H.J. Schalekamp, P.W.A. Steyn, prof. D.P. Goosen, P.J.W. Buys en J.D. Symington.